

Memorandum: Leesboek

Kwartaal 1

Kortverhaal: Blou moord (Week 1 en 2: Aktiwiteit 3)

Deel 2: Bestudeer 'n boek se buiteblad

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hoekom dink julle het die skrywer juis hierdie titel vir die boek gekies?
Dit trek dadelik die tienerleser se aandag, want dit suggereer dat dit spesiaal vir tieners is.
2. Verduidelik wat met die subtitel *25 vi 10ers v/d 21ste* bedoel word.
Daar is 25 kortverhale vir tieners van die een en twintigste eeu. Met ander woorde 25 moderne verhale vir tieners.
3. Is die visuele ontwerp van die buiteblad vir jou treffend? Sou die omslag julle oorreed het om die boek te koop?
Leeders gee hulle eie mening, solank hulle dit net goed motiveer.
4. Bestudeer nou die agterblad van die boek en bespreek die vrae daarvoor gestel.
 - 4.1 Wat word op die bladsy visueel uitgebeeld en hoe sluit dit by die voorblad aan?
'n Gedeelte van die brein word uitgebeeld. Dit dui aan dat dit stories is wat tieners se breine sal stimuleer.
 - 4.2 Wat word bedoel met die woorde: "Hulle is nie eenders nie, want julle is nie eenders nie."
Dit dui daarop dat tieners se smaak verskil en in die boek is verskillende stories om in almal se smaak te val.
 - 4.3 Wie is die uitgewer van hierdie boek?
Die boek is uitgee deur Tafelberg Uitgewers.

Deel 3: Beantwoord vrae oor die verhaal

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die titel. Verduidelik die dubbele betekenis wat aan die titel geheg kan word.
**Aristokrate het "bloubloed" in hulle are.
Blou moord skreeu – 'n groot lawaai maak.**
2. Watter dubbele betekenis kan aan die woord *wolhaarstorie* in die subtitel geheg word?
**'n Wolhaarstorie kan daarop dui dat dit 'n storie oor 'n hond is.
Dit kan daarop dui dat dit nie 'n ware verhaal is nie.**
3. Slaan die betekenis van die woord "*mite*" in die woordeboek na.
'n Verhaal oor die gode en godinne.
4. Die eerste paragraaf is 'n aanhaling uit 'n bekende liedjie, *Hondjies is net hondjies wat aanhou blaf*. Hoe sluit die liedjie by die inhoud van die verhaal aan?
Dit verwys na die bure se poedel wat gedurig blaf.
5. Waarna verwys die %^\$\$#& wat in paragraaf 1 en 2 voorkom?

Vloektaal.

6. Die woord *pophuisie* (paragraaf 7) is van toepassing. Waarom word die woord tussen aanhalingstekens geskryf?

Die woord word buite konteks gebruik. Hulle bly nie werklik in 'n pophuisie nie, maar in 'n klein buitekamertjie.

7. Wat word gesuggereer met die woorde 'n *regte hond* (paragraaf 8)?

Robert en Steve klassifiseer poedels nie as honde nie.

8. Na wie is Robert en Steve se hond Atilla vernoem? Is dit 'n gepaste naam vir 'n hond?

Atilla die Hun was in 406 voor Christus 'n gevreesde heerser.

9. Waarom twyfel Robert en Steve glad nie dat dit Atilla was wat vir Gwendollyntjie se dood verantwoordelik was nie?

Atilla het vantevore reeds hondjies doodgebyt en na hulle huis toe aangedra.

10. Wat beteken dit as iemand *blou bloed* in sy are het (paragraaf 23)?

So 'n persoon is van adellike afkoms

11. Skryf Robert se woorde in paragraaf 29 in jou eie woorde.

As jy in 'n gat is hou op grawe, beteken as jy in die moeilikheid is moenie dit erger maak en dieper in die moeilikheid beland nie.

12. Die slot van die verhaal is verrassend en is 'n antiklimaks. Verduidelik waarom ons so kan sê.

Die leser het verwag dat mevrou Albertyn vir hulle kom aanspreek oor Atilla wat haar hond doodgebyt het en toe is die hond altyd aan natuurlike oorsake oorlede.

13. Verduidelik die ironie wat opgesluit lê in paragraaf 39.

Dit is ironies dat hy die *dooie* hondjie op die matjie wat jou *welkom* heet neerlê.

14. Vergelyk die slotparagraaf met paragraaf 38. Hoe verskil die twee paragrawe en hoekom dink jy is daar 'n verskil?

In paragraaf 38 gee Atilla 'n lang gaap, iets tussen 'n kreun en 'n brul.

In die slotparagraaf gee Atilla 'n blaf, iets tussen 'n brul en 'n lag.

15. Steve en Robert is die twee belangrikste karakters in die verhaal. Verdeel 'n bladsy in twee kolomme en skryf bo-aan elke kolom een van die broers se name neer. Lees weer die storie en maak 'n lys van Robert en Steve se karaktereienskappe. Skryf dit dan onder hulle name neer. Besluit dan met watter een van die twee karakters jy sou kon identifiseer.

Robert	Steve
<ul style="list-style-type: none">• Is ergerlik en raak maklik geïrriteerd.• Gebruik krutaal toe die hond in die nag blaf.• Onbetrokke, hy trek die duvet oor sy kop.• Versorg nie die plante nie.• Minder besorgd en bekommerd.• Gee nie baie aandag aan sy voorkoms nie.• Onoplettend	<ul style="list-style-type: none">• Verdedig die hond toe sy in die nag blaf deur te sê sy is 'n poedel.• Verdraagsaam en toon begrip: Dit is die bure se hond en sy moet verdra word.• Snork.• Jammerhartig, want hy wil nie die hondjie net so los nie.• Saggeaard, want hy dink aan die bure se gevoelens.• Beraam planne.

Kortverhaal: Die paddaprins (Week 5 en 6: Aktiwiteit 24)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf drie voorbeelde uit die verhaal neer wat as bewyse kan dien dat dié verhaal as 'n sprokie gesien kan word.
Die aanvangswoorde van die sprokie: “Eendag...”
Die padda wat kan praat.
Bonatuurlike dinge wat gebeur.
Die einde is gelukkig.
2. Hoe verskil die beginwoorde van hierdie sprokie van die van 'n tradisionele sprokie?
Sprokies begin gewoonlik met die woorde: “Eendag lank lank gelede.”
Hierdie sprokie begin egter as volg: “Eendag nie so lank gelede nie.”
Dit dui daarop dat dit 'n moderne sprokie is.
3. Bestudeer die titel. Wat beteken dit as iets *polities korrek* is?
As iets polities korrek is, is dit aanvaarbaar vir almal en gee dit nie vir sommige mense aanstoot nie.
4. Wat het die karnavalprinses, aan die begin van die verhaal, nooit in die bos raakgesien nie?
Die karnavalprinses het deur die bos gestap en nooit raakgesien hoe vol rommel die bos is nie.
5. In hierdie sprokie is die karnavalprinses die hoofkarakter. Hoekom noem hulle haar 'n karnavalprinses en nie net 'n prinses, soos in ander sprokies nie?
In Suid-Afrika het ons nie 'n monargie van 'n koningshuis, met konings, koninginne, prinse en prinsesse nie. (Die titel word oorgedra van geslag tot geslag.) In Suid-Afrika word hulle verkies op grond van byvoorbeeld skoonheid.
6. Verklaar die volgende begrippe binne konteks van die verhaal.
 - 6.1 Arzberg-borde (paragraaf 8)
Duur breekgoed om uit te eet.
 - 6.2 Japannese futon (paragraaf 8)
'n Tradisionele Japanse katoenmatras, met die hand gemaak en opgebou uit lae vulsel in 'n sloop.
7. Die gebeure in die verhaal loop op tot 'n hoogtepunt naamlik daar waar die prinses die padda soen. Die gevolg van die soen is egter 'n antiklimaks, met ander woorde nie wat ons as lesers verwag het nie. Verduidelik hierdie stelling in jou eie woorde.
Die padda het nie soos die leser verwag het in 'n prins verander nie.
Die antiklimaks is dat die prinses in 'n padda verander.
8. Nadat die karnavalprinses in 'n padda verander het, kom sy veral twee dinge agter. Skryf hierdie twee dinge neer.
Sy sien die rommel rondom die rivier raak.
Sy sien dat die padda nie so onaardig is as wat sy aanvanklik gedink het nie.
9. Watter belangrike besluit neem sy op haar eerste dag van padda wees en wat beweeg haar om so 'n besluit te neem?
Sy besluit om nooit weer iets, van lekkergoedpapiere tot 'n selfoon, in die rivier te gooi nie. Die rede vir haar besluit was omdat sy, as padda, moes sukkel om in die rivier oor koeldrankblikke, glasskerwe en plastieksakke te spring.

10. Skryf die tema van die sprokie in jou eie woorde neer.

Die mens moet bewus gemaak word van die nadelige uitwerking van besoedeling en rommelstrooiing.

11. Skryf in een sin hoe die prinses as karakter ontwikkel deur die verhaal.

Vanaf 'n bedorwe rykmansdogter wat nie juis omgee het vir die natuur en haar omgewing nie, ontwikkel sy tot iemand wat aan die einde van die verhaal haar lewe daaraan wy om besoedeling te bekamp.

Gedig: Eko ego (Week 5 en 6: Aktiwiteit 25)

Deel 1: Hersien digkunssterme

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter halfrym tref ons aan as daar 'n doelbewuste herhaling van konsonante in 'n reël is, byvoorbeeld: “Sannie sê Sannie sal sewe sakke sout sleep”? **Alliterasie.**
2. Wat word die herhaling van eenderse slotklanke aan die einde van versreëls genoem, byvoorbeeld “Trippe trappe trone, varkies in die bone”? **Rym.**
3. Watter halfrym tref ons aan as die vokale rym en doelbewus herhaal word, byvoorbeeld: “Sy gaap en gaan nou slaap.”? **Assonansie.**
4. Watter beeldspraak kom voor in die volgende aanhalings geneem uit die gedig *Seisoenlektuur* deur Daniel Hugo:
 - 4.1 “soos 'n boek kraak die lente oop” **Vergelyking.**
 - 4.2 “Die suidoos blaai die dae al haastiger om” **Personifikasie.**
5. “'n Soetrissie rooi stippie snel oor my boek op agt wimpertjies”
Watter soort beeldspraak tref ons in bogenoemde aanhaling uit Sheila Cussons se gedig *Spinnekoppie* aan? **Metafoor.**
6. Wat word dit genoem as een versreël in die volgende reël “oorloop” sonder die onderbreking van 'n leesteken? **Enjambement.**

Deel 2: Vrae oor die gedig Eko ego deur Hein Swart

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Jy het seker agtergekom dat hierdie gedig nie 'n vaste rymskema het nie. Wat word so 'n gedig genoem?
Vrye vers.
2. Al het die gedig nie 'n vaste rymskema wat dit tot 'n geheel bind nie, is daar wel ander skakels wat die strofes by mekaar laat aansluit soos byvoorbeeld die herhaling van woorde aan die begin van reëls. Skryf 'n voorbeeld van 'n sodanige herhaling neer.
Reëls 3, 11, 17, 18 en 21 begin almal met die woorde “Jy mag nie ...”
3. Die herhaling van eenderse klanke kort na mekaar bind ook 'n gedig tot 'n geheel. Skryf 'n voorbeeld van sodanige klanke neer.
Enige voorbeeld van assonansie (pa en ma jy mag) of alliterasie (strande skoon te kry en op sondae).
4. Lees die gedig hardop. Het die gedig 'n vaste ritme en waardeur word dit bewerkstellig?
Die vaste ritmiese reëlmaat word deur die gebruik van kort eenlettergrepige woorde bewerkstellig.

5. Nog 'n kenmerk van 'n vrye vers is dat 'n klomp goed opgenoem word. Skryf minstens vier goed neer wat die spreker in die gedig sê nie gedoen mag word nie.

- **Jy mag nie rommel strooi nie.**
- **Jy mag nie bierblikkies op Sondaë rondstrooi nie.**
- **Jy mag nie voëltjies skiet nie.**
- **Jy mag nie jou buurman se agterplaas begeer nie.**
- **Nog verskeie ander voorbeelde.**

6. Die titel is van toepassing.

6.1 Van watter woord dink jy is die woord *eko* afgelei? Verduidelik.

Die woord *eko* hou verband met ekologie, dit wil sê die omgewing.

6.2 Soek die woord *ego* in woordeboek op en skryf 'n sinoniem vir *ego* neer. **Ek.**

6.3 Kan jy nou aflei waarom die digter hierdie titel vir sy gedig gekies het?

Die titel sê vir ons die gedig handel oor die ekologie (die omgewing) en ek.

7. Strofe 1 bestaan uit slegs twee versreëls. Wat word so 'n strofe genoem?

Koeplet.

8. Skryf 'n woord uit strofe 4 neer wat dieselfde beteken as: *sonder rede*.

Ydellik.

9. Wat is die rede waarom daar spesifiek nie op Sondaë rommel gestrooi moet word nie?

Die werkers ruim nie die rommel op Sondaë op nie, want hulle is dan nie aan diens nie.

10. Waarom dink jy word daar in strofe 4 spesifiek na *parke en strande* verwys?

Oor naweke ontspan mense by parke en op strande en mors geweldig.

11. Die hele gedig bestaan uit moets en moenies. Wat wil die spreker daarmee vir ons as leser sê?

Die spreker wil dit beklemtoon dat ons ons natuur moet bewaar.

12. Hoe verskil die aard en styl van die laaste strofe van dié van die vorige strofes?

Die eerste 5 strofes is ernstig terwyl die laaste strofe humoristies is.

Gedig: Die motorfiets (Week 7 en 8: Aktiwiteit 34)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter rol vervul die titel in hierdie gedig?

Die titel openbaar die inhoud van die gedig en vat die kerngedagte saam.

2. Wat dink jy is die *laphoede van pampoene* (versreël 1)? Motiveer jou antwoord.

Dit is die blare van die pampoenplante. Die blare hang geel verlep van die son en lyk soos laphoede. Die blomme van die plant is ook geel en kan met laphoede vergelyk word.

3. Die plantegroei staan *orenter* (versreël 5) omdat hulle 'n sekere voorgevoel kry. Wat is dit wat hulle aanvoel?

Daar is afwagting by hulle dat iets gaan gebeur.

4. Watter woord word gebruik om die kronkelende dorpspad voor te stel? Is dit 'n gepaste beeld?

“rinkhalsnekgerek” Die pad kronkel soos 'n slang se lyf.

5. Wat is die funksie van die ellips in versreël 9?

In plaas van die woord *alles* gebruik die digter die woord *als* om in die ritme van die gedig in te pas.

6. Hierdie hele gedig bestaan uit slegs een sin. Wat dink jy wou die digter daarmee bereik?

Die een sin dui die beweging en spoed van die motorfiets aan.

7. Slaan die woordbetekenisse van die woord *bosgasie* (versreël 13) na. Watter betekenis pas die beste by die woord in die verband?

Bosgasie beteken ruig begroeide gebied, of woeste ruie haargroei. In die gedig verwys dit na die eerste betekenis van plante wat ruig groei.

8. Waarom lyk dit asof die plante hulle laphoede, pluime en bosgasies vasgryp (versreël 13)?

Die spoed waarteen die motorfiets verbyjaag veroorsaak wind wat maak dat die plante beweeg en die beeld skep dat hulle hul bosgasies vasgryp.

9. Waarom kan versreël 16 as 'n baie treffende voorbeeld van klanknabootsing gesien word?

Die klank van die motorfiets word daardeur uitgebeeld.

10. Waardeur word die onpersoonlikheid van die motorfiets uitgehef?

Die onpersoonlikheid van die motorfiets word uitgehef deur die gebruik van die hoofletter in die woord "Ding".

11. Watter dubbele betekenis kan aan die slotreël geheg word?

Dit kan verwys na die rustigheid wat neerdaal nadat die motorfiets verbygejaag het, of dit kan verwys na die stof wat gaan lê.

12. Kan ons sê dat hierdie hele gedig 'n voorbeeld is van personifikasie? Motiveer jou antwoord.

Ja, want die veld langs die pad word gepersonifieer om die belewing van die verbyjaende motorfiets uit te beeld.

Gedig: Waarom het die hoender? (Week 1 en 2: Aktiwiteit 45)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Kyk na die tipografie van hierdie gedig. In watter vorm is hierdie gedig gedruk?

In die vorm van 'n hoender se wensbeentjie.

2. Lees die gedig 'n paar keer deur. Die titel van hierdie gedig is nie volledig nie. Wat dink jy moet die volledige titel wees?

Leerdere gee hulle eie antwoorde.

Waarom het die hoender nie toegelaat dat die twee sy wensbeentjie gebruik om hulle wens te vervul nie? Enige toepaslike antwoord.

3. Haal 'n klanknabootsende woord uit die gedig aan.

Kek!

4. Wat wil die spreker eintlik met hierdie gedig sê?

Sy wou nog iets saam met die ander persoon (moontlik 'n geliefde) wens, maar dié wens het nie waar geword nie

Kwartaal 2

Gedig: Kameelperd (Week 1 en 2: Aktiwiteit 52)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die volgende aanhaling uit die gedig: *hy lyk so melankoliek as hy buk of hardloop*. Die kameelperd se bewegings word as melankoliek voorgestel.

1.1 Uit watter twee woorde is die woord *melankoliek* gevorm?

Melankolie (swarmoedig) en koliek (maagkrampe).

1.2 Skryf neer of dit 'n gepaste beskrywing van 'n kameelperd se hardloop- en buk-aksies is.

Ja, want 'n kameelperd se bewegings is rukkerig en onegalig.

2. Die kameelperd word ook as *gerafiek* uitgebeeld. Uit watter woorde is die woord *gerafiek* moontlik opgebou?

Giraffe en grafiek.

3. Bestudeer die ritme van die gedig. Hoe verskil die ritme van die eerste 3 versreëls van die ritme van reël 4?

Die eerste drie versreëls se ritme is afgemete soos wat die kameelperd stap. Die laaste versreël se ritme verskil en is stadiger en meer vloeiend.

4. Watter kontras is daar tussen die eerste drie versreëls en die laaste versreël?

In die eerste drie versreëls word die kameelperd as eienaardig uitgebeeld, maar in die laaste versreël word hy as die wonderlikste dier beskryf.

5. Wat word dit genoem as 'n gedig uit slegs vier versreëls bestaan?

Kwatryn.

6. Bestudeer weer versreël 4.

Die woord *Gotiek* verwys na 'n boustyl wat tussen 1150 en 1550 n.C. in Europa ontwikkel het. Hierdie geboue het spitsboë en baie steil dakke gehad. In die Gotiese kerke en katedrale het die bouers met vertikale en opwaartse lyne die eer aan God probeer uitbeeld.

Waarom dink jy word na die kameelperd as die *wonderlikste enigste dierlike Gotiek* verwys?

Die kameelperd is die enigste dier wat spog met 'n buitengewone lang nek en is een van God se wonderlike skeppings.

Drama: Pendoring (Edms.) Beperk (Week 3 en 4: Aktiwiteit 57)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die titel van die drama. Is dit 'n gepaste titel en hoe sluit dit by die inhoud van die drama aan?

Ja dit is gepas, want Gert Klopper is 'n vaardige skrywer – hy is 'n doring met 'n pen. Dit is ook die naam van sy taaldiens maatskappy.

2. Skryf uit spreekbeurt 2 'n voorbeeld van neweteks neer.

(kwaaiërig met dik Engelse aksent)

3. Waarom fluister Sarie in spreekbeurt 3?

Sy het 'n leuen vertel, Gert se telefoonlyn is nie beset nie en sy wil nie hê die persoon wat gebel het moet hoor sy het 'n leuen vertel nie.

4. Bestudeer die neweteks in spreekbeurt 7. Waarom word die woord as *Djordaän* uitgespreek?

Die inbeller is Engels en sukkel om die van Jordaan korrek uit te spreek.

5. Bestudeer spreekbeurte 8 en 9. Wat is die verskil tussen mevrou Jordaan en Gert se begroetings en waarom is dit ironies?

Mevrou Jordaan groet informeel in swak Afrikaans, terwyl Gert formeel en kortaf sê: “Dag.” Dit is ironies omdat sy vir Gert bel oor sy taalgebruik, maar dan groet sy met ’n “Hellou-hou”.

6. Lees weer spreekbeurt 16 en 17. Watter eienskap van Afrikaans kom hier na vore?

Afrikaans is aanpasbaar en beskik oor ’n woordeskat wat by sekere skryfstyl pas.

7. Waarmee spot Gert as hy vir mevrou Jordaan in spreekbeurt 21 sê hy wil ’n paar woorde teenoor haar baas *besig*.

Hy spot met die oordrewe gebruik van hoë woorde in Afrikaans.

8. Watter skryftechniek gebruik die skrywer om die betekenis van die woord *Vaf* te beklemtoon en hoe dink jy sal hierdie woord deur ’n akteur vertolk word?

Die alliterasie van die v-klank hef die woord *Vaf* se betekenis uit. Die akteur sal die v-klanke harder uitspreek.

9. Is die lui van die telefoon in die drama sinvol? Wenk: Onthou dit is ’n radiodrama.

Ja. Die lui van die telefoon kondig telkens ’n nuwe kliënt aan, want jy kan nie sien as daar ’n nuwe kliënt by die maatskappy opgedaag het nie.

10. Hoe verskil spreekbeurte 35 en 37 van die res van die spreekbeurte?

In hierdie spreekbeurte tree Sarie as die verteller op en gee sy slegs haar gedagtes weer.

11. Wat gee Gert te kenne in spreekbeurte 38 tot 43?

Afrikaans is nie lomp en langdradig nie. Ons is geneig om te lang woorde en sinne te maak en om te veel woorde te skryf.

12. Hoe sluit die titel by spreekbeurt 44 aan?

In die laaste spreekbeurt sê die letterverwer dat Gert ’n doring is, met ander woorde hy bewonder hom.

13. In die laaste spreekbeurt sê Gert dat sy meisie ’n *doring* is. Wie is sy meisie en wat bedoel hy daarmee?

Sy taal (Afrikaans) is sy meisie en Afrikaans moet bewonder word, nie hy nie.

Oorspronklike liedteks

Afrikaners Is Plesierig

1. I'd like to introduce myself – Johanna Ertjekollo.
2. And this is the alternative – You was so saf 'n molo
3. Haai jy, loop verby – Is mos decadent
4. Peace brother, give me five of suig jou peperment
5. Jy's cool, jy spoel jou mond met Aquafresh
6. En leer mos al van hip-hop in jou ma se creche
7. Ja this is alternative but we're not primitive
8. Some het nog hare op hul lyf but we just like to live
9. In peace
10. Ekskuus, mevrou, wat gaan nou aan?
11. Ek wil net weet of is die Internet dan nou te blaam
12. Oeps! Jou naam, jou naam. I understand madame
13. Ek ken mevrou, jy's een van daai's
14. Jy is so bietjie skaam

15. *Afrikaners is plesierig*
16. *Dit kan julle glo*
17. *Hulle hou van partytjie*
18. *En dan maak hulle so*
19. *En dan maak hulle so!*
20. *Babe is jy nog lief vir my*
21. *Ek gaan iemand anders kry*

22. Luister hier jou yuppie scum
23. Jou preconceived millennium man
24. Ek maak jou kwaad want ek weet ek kan
25. Gee my nog 'n vatlap government plan
26. En die bedelaar staan met sy uitsteek hand
27. En vra my vir net nog twee rand
28. Mense vrek oor die hele land
29. En die res lê op Clifton se strand
30. En die music is vinnig
31. Ek raak opgepsyche
32. If you don't like it, why don't you take a hike
33. Almal is anders. Sê maar wat jou pla
34. Hou net op om vrae te vra

35. *Afrikaners is plesierig*
36. *Dit kan julle glo*
37. *Hulle hou van partytjie*
38. *En dan maak hulle so*
39. *En dan maak hulle so!*
40. *Babe is jy nog lief vir my*
41. *Ek gaan iemand anders kry*
42. *I'd like to now excuse myself*
43. *Hul sit honde op mense*
44. *Ek gaan liewer skape tel*
45. *Op radio sonder grense*
46. *Ja jy fix my krieket en miskien my rugby*
47. *Bobby Skinstad hoe's daai been?*
48. *Ek kyk nie Currie Cup nie*
49. *Jy's cool, jy voel 'n veer vir global warming*
50. *Betogers moet iets anders doen*
51. *Pamflette lees is boring*
52. *Alles is affirmative, al is jou baas verwant*
53. *Kant sou ook geen kant kon kies*
54. *So swot maar wyl jy kan*
55. *Die bank, die bank, die bank*
56. *vra te veel rente*
57. *Ek speel maar eerder pinball met my 50 sente*
58. *Ek het nie pms nie, ek's net 'n natural bitch*
59. *I like to play my guitar, but I don't have perfect pitch*

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wie dink jy is Johanna Ertjekolo wat in die begin van die gedig haar aan ons wil bekendstel?
Johanna Ertjekolo is heel moontlik 'n vrou wat bedel, miskien 'n boemelaar, 'n rock-sanger.
2. Watter soort spreker tref ons aan en sê ook hoekom dit in die gedig die beste soort spreker blyk te wees?
Ek-spreker. Sy kan self die beste haar omstandighede en belewenisse verwoord.
3. *Peace brother, give me five of suig jou peperment* (versreël 4) verwys. Watter dubbele betekenis kan aan die woorde ...*give me five*... geheg word?
Dit kan beteken sy bedel vir R5.00, of dit kan op 'n groet dui.
4. Waarop dui die herhaling van die woorde *peace brother ...* en ...*we just like to live in peace* ten opsigte van die spreker?
Dit hef uit dat die spreker nie 'n moeilikheidmaker is nie, sy wil vrede bewerkstellig.
5. *Oeps! Jou naam, jou naam. I understand madame...* (versreël 12). Wat word deur hierdie woorde gesuggereer?

Hierdie woorde suggereer dat die vrou nie wil betrokke raak nie, want haar status (naam) is vir haar te belangrik.

6. Wie of wat is 'n yuppie?

'n Yuppie is 'n akroniem vir a *young upcoming person*, met ander woorde dit verwys na die jong gegradueerde opkomende geslag. Hulle is gewoonlik ryk en statusbewus.

7. *Mense vrek oor die hele land
En die res sit op Clifton se strand)*

Verduidelik die kontras wat in hierdie twee versreëls voorkom.

Hierdie twee reëls beeld die kontras tussen armoede en rykdom uit.

8. *Ek gaan liever skape tel
Op radio sonder grense*

8.1 Wat beteken die uitdrukking *om skape te tel*?

As 'n mens sukkel om aan die slaap te raak, beveel hulle aan dat jy skape tel, want dan raak jy vaak.

8.2 Watter suggestie lê in hierdie woorde opgesluit?

Met hierdie woorde word gesuggereer dat Radio Sonder Grense 'n vervelig radiokanaal is en 'n mens aan die slaap maak.

9. Luister mooi en skryf uit die gedig 'n aanhaling neer wat dui op bedrog in sport.

“Ja jy fix my krieket ...”

10. Verduidelik die volgende reël in jou eie woorde: *Jy's koel, jy voel 'n veer vir global warming.*

Jy dink jy is te belangrik om jou te steur aan aardverwarming.

11. *Kant sou ook geen kant kon kies* (versreël 53) verwys. Slaan in 'n ensiklopedie na, of soek op die Internet wie is die persoon *Kant* waarna hier verwys word.

Immanuel Kant is 'n filosoof wat geglo het dat 'n mens nooit as 'n middel tot 'n doel behandel moet word nie, maar altyd as 'n doel self.

12. Watter ooreenkoms is daar tussen die lewe en die spreker se kitaar?

Albei is vals.

13. In die lied se koorgedeelte sing Karen Zoid 'n gedeelte uit 'n ou Afrikaanse volksliedjie:

*Afrikaners is plesierig,
Dit kan julle glo
Hulle hou van partytjies
En dan maak hulle so*

Met die inhoud van die gedig in gedagte, verduidelik die ironie wat in hierdie koorgedeelte opgesluit lê.

Dit is ironies dat Afrikaners plesierig is, en van partytjies hou, maar dan doen hulle die volgende:

- sien neer op mense
- sit honde op mense
- pleeg bedrog in sport
- besoedel die omgewing, ensovoorts.

Drama: Die bedrieërs (Week 5 en 6: Aktiwiteit 68)

Opdrag 1: Pre-lees

Voordat die leerders die drama *Die bedrieërs* deur J.D. du Toit lees, moet hulle eers die volgende pre-lees aktiwiteite doen:

1. Die leerders bestudeer saam met 'n maat die struktuur en bou van die drama en kyk hoe verskil dit van die struktuur en bou van 'n verhaal.

'n Verhaal bestaan uit sinne, paragrawe en hoofstukke.

'n Drama bestaan uit spreekbeurte en bedrywe.

2. Hulle bestudeer die titel en subtitel van die drama.

2.1 Slaan in 'n woordeboek na wat die woord *klug* beteken.

Grappige toneelstuk met belaglike situasies, met die doel om mense te laat lag.

2.2 Hulle bespiegel of hierdie drama se inhoud ernstig of humoristies gaan wees.

Die toneelstuk gaan humoristies wees omdat dit 'n klug is.

3. Die leerders bestudeer die name van die karakters in die karakterlys asook die tyd waarin hierdie drama afspeel. Watter verband is daar tussen die twee?

Die drama speel af in 1850 en die name van die karakters is tipiese Nederlandse name van daardie tyd. Die name pas dus by die tyd waarin die drama afspeel.

4. Die ruimte waar die drama afspeel is die konsulteerkamer van dr. Van der Schuit. Kan jy aan 'n sinoniem vir die woord *konsulteerkamer* dink?

Spreekkamer.

Opdrag 3: Post-lees

Vrae en voorgestelde antwoorde

Eerste bedryf (spreekbeurte 1 tot 32)

1. In die openingstoneel gesels Amelia en Leonora met mekaar. Watter belangrike inligting word deur hulle dialoog aan die leser geopenbaar?

Die dialoog tussen Amelia en Leonora gee 'n belangrike stukkie inligting, naamlik dat die jongmanne buite in die straat voor die deur van die spreekkamer gewese kêrels van albei die meisies is. Hierdie inligting voorspel dat iets opwindends gaan gebeur as die meisies en jongmanne bymekaar gaan uitkom.

2. Watter inligting aangaande die jongmanne word aan die leser verskaf wanneer die dokter sy verskyning maak?

Die manne kom die dokter spreek om sertifikate te kry dat hulle medies ongeskik is vir diens in die kommando.

3. Watter siening het die dokter van die jongmanne wat nie kommando toe wil gaan nie?

Hy sien hulle as papbroeke.

4. Wat is die verwantskap tussen Amelia en die dokter?

Hulle is pa en dogter.

5. Bestudeer spreekbeurt 26.

5.1 Skryf een woord uit die neweteks neer wat die dokter se gemoedstoestand verraa. **Nors.**

5.2 In hierdie spreekbeurt noem die dokter wat sy dag se program alles behels. Wat is vreemd aan die manier waarop hy dit doen?

Sy woordkeuses is humoristies en is nie professioneel nie. Hy praat nie formeel soos wat van 'n dokter verwag word nie.

6. Watter handeling van die dokter in spreekbeurt 30 sluit aan by die tyd waarin die drama afspeel?

Die dokter haal 'n sakhorlosie uit sy sak. In die negentiende eeu het mans sakhorlosies aan 'n kettinkie in hul sakke gedra.

7. Die ruimte wat op die verhoog uitgebeeld word, is 'n dokter se spreekkamer. In spreekbeurt 3 word die leser egter ook bewus van 'n tweede ruimte, verduidelik.

Die leser word ingelig in verband met die buiteruimte, naamlik die straat voor die spreekkamer waar die jongmanne vergader.

8. In spreekbeurt 18 sê Amelia dat hulle *in die pekel* is.

8.1 Wat beteken die uitdrukking *om in die pekel te wees*?

Om in die moeilikheid te wees.

8.2 Waarom is die twee meisies in die pekel?

Hulle het ingestem om meer as een jongman se meisie te wees en die jongmanne staan nou almal saam in die straat en kan dalk uitvind dat die meisies hulle verkul het.

8.3 Kan jy reeds op hierdie tydstip in die drama voorspel watter konsternasie bogenoemde kan veroorsaak?

Ja, want as die jongmanne en die twee meisies bymekaar uitkom gaan die hele bedrogspul uitkom.

Tweede bedryf (spreekbeurte 33 tot 53)

9. Die motoriese moment in 'n drama is daardie oomblik wanneer die gebeure/aksie gaan begin. Waar dink jy is die motoriese moment in dié drama?

Die motoriese moment is wanneer die eerste jongman, Adolf Koldewyk, die spreekkamer binnekom.

10. Kan die gehoor, wanneer Adolf Koldewyk op die verhoog verskyn, dadelik agterkom waarom hy nie op kommando kan gaan nie?

Ja, want hy is kreupel en loop met 'n kruk. 'n Soldaat kan nie mank wees nie.

11. Watter handeling van Adolf is oordrewe en baie snaaks?

Wanneer die dokter hom ondersoek val hy neer en sê dat hy nou morsdood is.

12. In spreekbeurt 57 kom Appolus op die verhoog. Skryf drie redes neer waarom die gehoor dadelik weet dat hy "blind" is.

Leerders noem enige drie van onderstaande:

- **Hy dra 'n donkerbril.**
- **Hy loop voel-voel met 'n kiere.**
- **Hy loop in 'n stoel vas.**
- **Hy loop in die verkeerde rigtings.**

13. Bespreek die neweteks in spreekbeurt 61. Dink jy Appolus het per ongeluk aan die dokter se gesig gevat? Motiveer jou antwoord.

Nee, hy het met opset aan die dokter se gesig gevat om die dokter te oortuig dat hy nie kan sien nie.

14. Jonathan de Schaap se plaas se naam (spreekbeurt 90) en die rede waarom hy nie op kommando kan gaan nie (spreekbeurt 92), sluit direk bymekaar aan. Verduidelik.

Jonathan se plaas se naam is Allesverloren wat daarop dui dat hy bankrot is en alles verloor het. Die rede wat hy aanvoer waarom hy nie op kommando kan gaan nie is omdat hy te arm is. Bankrot wees en armoede sluit direk bymekaar aan.

15. Wat word in spreekbeurt 119 uitgebeeld deur die woorde wat met koppeltekens geskryf word?

Die koppeltekenwoorde beeld uit dat Bartholomeus hakkel.

16. Godliep gee voor dat hy doof is. Skryf een van die misverstande wat ontstaan omdat hy kwansuis nie kan hoor nie, neer.

Die leerders skryf enige van die misverstande neer, byvoorbeeld as die dokter sê Godliep is 'n dowe stuk hout gee hy voor dat die dokter vra of hy getroud is.

17. Wanneer die mankoliekiges een vir een ingeroep word, leer die gehoor hulle ken sowel as elkeen se skeet. Skryf die jongmanne se name neer en langsaan elke naam watter skete hulle kwansuis aan ly.

- **Adolf Koldewyk – kreupel.**
- **Appolus Kreeft – kan nie sien nie.**
- **Jonathan de Schaap – hy is arm.**
- **Bartholomeus Kreulen – hy hakkel.**
- **Godliep Antonie van Brakenberg – hy is doof.**

18. Die dokter gee vir al die manne dieselfde direkte opdrag.

18.1 Skryf hierdie opdrag neer.

Al die jongmanne moet om halftwaalf terugkom na die spreekkamer om die medies ongeskikte sertifikate te kom haal. Hulle moet almal 5 sjelings betaal om die sertifikaat te mag kry

18.2 Verduidelik, as jy die res van die drama in gedagte hou, waarom dit belangrik is dat al die jongmanne op dieselfde tyd by die spreekkamer moet opdaag.

As almal bymekaar is in die spreekkamer bied dit die geleentheid dat die meisies hulle kan ontmasker as bedrieërs.

19. Lees weer spreekbeurt 170. Met wie praat De Leur hier?

Hy spreek sy gedagtes hardop uit. Hy praat met homself.

Derde bedryf (spreukbeurte 173 tot 260)

20. Waarom lag Amelia en Leonora as hulle op die sertifikate lees wat die jongmanne se redes is waarom hulle nie op kommando kan gaan nie?

Hulle weet die jongmanne vertel leuens, want toe hulle na die twee meisies gevry het, kon hulle byvoorbeeld baie goed hoor en sien.

21. Watter een van die meisies is bekommerd omdat hulle die manne ook om die bos gelei het en so half en half vir almal "ja" gesê het? Verduidelik.

Leonora is bekommerd, want in spreekbeurt 179 sê sy ernstig dat hulle dalk te ver gegaan het.

22. Verduidelik waarom Amelia uitbars van die lag as Adolf inkom om sy sertifikaat te kry?

Sy lag omdat hy kruppel loop, want sy weet sy been makeer niks.

23. Hoe reageer Adolf as hy vir Amelia sien?

Hy gooi sy kruk weg en probeer haar omhels.

24. Beskryf Adolf se reaksie as Leonora haar verskyning maak.

Hy skrik en stotter.

25. Hoe word hy uit sy penarie gered?

Daar is 'n klop aan die deur en hy gaan kruip weg.

26. As Leonora in spreekbeurt 210 vir Appolus konfronteer antwoord hy sy *moenie ou koeie uit die sloot grawe nie*.

26.1 Wat beteken hierdie uitdrukking?

Hy sê sy moenie na dinge wat verby is, verwys nie.

26.2 Wat probeer hy daardeur te kenne gee?

Die verhouding tussen hom en Leonora is iets van die verlede.

27. Lees spreekbeurt 219. Watter afleiding kan ons uit Leonora se woorde maak?

Sy is sarkasties, want sy verwys spottend na hom as 'n miljoenêr.

28. Watter slim verskoning dink Bartholomeus vinnig uit as Amelia hom in spreekbeurt 227 uitlag oor sy hakkelry?

Bartholomeus gee voor dat hy die hele ding beplan het net om haar weer te kan sien, want hy kan nie sonder haar lewe nie.

29. Watter lafhartige ding wil hy doen as Leonora in die vertrek inkom?

Hy wil padgee en loop.

30. Bestudeer spreekbeurt 228. Wat word deur die koppelteken aan die einde van die reël geïmpliseer?

Bartholomeus voltooi nie sy sin nie. Hy word onderbreek deur Leonora wat binnekom en hom in die rede val.

31. Hoe kan die gehoor agterkom dat Godliep baie vrolik en bly is as hy die spreekkamer binnekom?

Hy kom al fluitende binnegestap.

32. Hoe verskil Godliep se reaksie van die ander 4 jongmanne s'n wanneer Leonora haar verskyning maak?

Hy skrik nie soos die ander vier jongmanne as hy haar sien nie.

33. Wie het ongemerk agter Godliep op die verhoog verskyn en waarom is sy binnekoms hier belangrik?

De Leur het ongemerk binnegekom. Sy binnekoms was belangrik, want nou weet hy dat die jongmanne oor hulle skete gejok het.

33. Hoe word Godliep se windmakerigheid en sy poging om Amelia te soen, verhoed?

Die ander jongmanne kom almal agter die deur uit en die een na die ander beweer dat Amelia hulle nooi is.

34. Hoe word die gespanne situasie tussen die jongmanne ontloft?

Wanneer De Leur praat en vir die jongmanne sê dat hulle skete darem vinnig gesond geword het, skrik die manne en staan verbaas.

35. Waar tref ons die klimaks in die drama aan?

Die klimaks is die oomblik van afrekening wanneer die dokter binnekom en die jongmanne ontmasker word as bedrieërs.

36. Verduidelik die afloop van die gebeure in jou eie woorde.

Die dokter neem al die sertifikate terug, die jongmanne moet voor die magistraat verskyn en hulle is die geld wat hulle vir die sertifikate betaal het, kwyt.

37. Hoe sluit die laaste spreekbeurt en die titel van die drama bymekaar aan?

Die dokter onthul die jongmanne as bedrieërs en dit sluit direk by die titel aan.

38. Was hierdie vyf manne slegs bedrieërs omdat hulle die dokter om die bos wou lei, of was hulle ook vantevore oneerlik?

Hulle het ook die meisie bedrieg en leuens vertel oor hulle verhoudings.

39. Dink mooi. Verwys die titel slegs na die jongmanne se skelmstreke?

Dit kan ook verwys na die twee meisies wat oneerlik was teenoor die kêrels.

40. Dink jy hierdie drama beantwoord aan die vereiste om as 'n klug gesien te word?

Ja, want dit is 'n grappige toneelstuk met belaglike situasies en sal beslis die gehoor laat skaterlag.

Gedig: Die laaisel van die sonbesie (Week 5 en 6: Aktiwiteit 69)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. In hierdie gedig word die "r" deurgaans met 'n "l" vervang. Skryf die gedig oor en vervang die letter "l" waar nodig met 'n "r".

2. Gee 'n moontlike rede waarom die "r" deurgans met 'n "l" vervang is.

Die spreker is iemand wat nie die r-klank kan uitspreek nie.

3. Met wie praat die spreker in die gedig?

Die sonbesie.

4. Waardeur word die sterk gevoelstroom in die gedig bewerkstellig? Skryf 'n aanhaling neer.

Deur die gebruik van die tussenwerpsels word die sterk gevoelstroom bewerkstellig.

5. Bestudeer versreël 5 noukeurig. Watter twee betekenismoontlikhede kan aan die woord *klag* gekoppel word?

Die woord klag kan wees krag, of dit kan klag (soos om te kla) wees.

6. Skryf 'n woord neer wat min of meer dieselfde beteken as *hensop* in versreël 11.

Oorgee.

7. Sou 'n mens die aandagstreep aan die begin van versreël 12 met 'n dubbelpunt kon vervang? Motiveer jou antwoord.

Ja, in die slotreël verklaar hy hoekom hy oorgee / hensop.

8. Verander die spreker sy houding / gesindheid teenoor die besie in die loop van die gedig?

Ja, aan die begin van die gedig is die spreker geïrriteerd met die sonbesie, maar later kry die spreker berusting en aanvaar die besie.

9. Gee die betekenis van versreël 9 in jou eie woorde weer.

Sonbesie, watter storie wil jy vir my vertel?

Gedig: So long Skipskop (Week 7 en 8: Aktiwiteit 79)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter opdrag kry die inwoners van Skipskop?

Hulle moet hulle goed oppak en die plek Skipskop verlaat.

2. Skryf 'n versreël neer wat daarop dui dat die inwoners, nie baie besittings gehad het nie.

“sit jou goedjies op jou kop”

3. Gewoonlik verhuis 'n mens na 'n beter plek. Is dit die geval met hierdie mense? Skryf 'n versreël neer om jou antwoord te staaf.

Nee. “swaarkry lê net voor”

4. Die woord *hier* kom verskeie kere in die gedig voor. Wat sou die rede daarvoor wees?

Deur die woord *hier* te herhaal beklemtoon die spreker dit dat Skipskop die plek is waar hulle hoort.

5. Op watter ander wyse word die woord *hier* nog uitgehef?

Die woord *hier* word voor in die versreël geplaas.

6. Na watter dorp moet die mense verhuis? Weet hulle waar hierdie nuwe tuiste is? Verduidelik jou antwoord.

Misverstand. Nee hulle weet nie waar hulle nuwe tuiste is nie, want hulle weet nie eens aan watter kant die nuwe dorpie geleë is nie.

7. **Wie dink jy is Shorty, Pop en Apie?**

Hulle is moontlik die spreker se kinders.

8. Hierdie gedig is nie in Standaardafrikaans geskryf nie. Watter soort taal word hier gebruik?

Kaapsafrikaans.

9. Lees onderstaande aanhaling.

is dit die pad

wat ons moet môre vat?

Die woordorde in hierdie gedeelte is omgekeer. Wat dink jy is die rede waarom die woordorde verander is?

Die woord *vat* moet aan die einde van die versreël staan sodat dit kan rym met die woord *pad*.

10. Wat is die boodskap van hierdie gedig?

Die spreker wil aan die leser die boodskap bring dat mense verknog raak aan 'n plek en nie maklik verplaas kan word nie, veral nie as dit teen hulle sin is nie.

Kwartaal 3

Gedig: from <linda@hotmail.com> to <simon@gmail.com> (Week 1 en 2: Aktiwiteit 89)

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Hierdie brief is in die vorm van 'n gedig geskryf. Watter kenmerke van 'n brief is opvallend?
Dit het 'n aanhef en 'n slot. Dit dui aan aan wie die brief gerig word en van wie dit kom. Dit is in 'n geselstrant geskryf.
- Watter kenmerke van 'n gedig kry ons hier?
Dit is in strofes geskryf. Daar is 'n sekere ritme in die versreëls.
- Waarom word die woorde in versreël 5 tussen hakies geplaas?
Sy gee self die rede waarom hy haar nie kon sien nie.
- Watter afleiding kan jy uit die tweede strofe omtrent Simon maak?
Hy is opgewonde oor rugby en hou waarskynlik daarvan.
- Watter enkele woord in die vierde strofe (versreël 10 tot 13) dui aan dat die pa al voorheen ontevrede met Simon se wiskunde punte was?
Steeds.
- Van watter Engelse woord is *baai* (versreël 14) afgelei? Wat noem ons die verskynsel as 'n woord verander word om by ons taal se klanksisteem aan te pas?
Bye. Volksetimologie.
- Watter rede voer Linda aan waarom sy die brief moet afsluit?
Sy het nog huiswerk om te doen. Sy moet nog haar opstel gaan skryf.
- Skryf versreël 16 en 17 in jou eie woorde neer.
Sy bied aan om soos voorheen sy opstel te redigeer en spelfoute reg te maak.
- Is Simon en Linda in 'n verhouding? Waaruit maak jy hierdie afleiding?
Hulle is net vriende. Sy help hom met skoolwerk. Die aanhef en slot is formeel.
- Die strofes (behalwe die aanhef en slot) bestaan uit vier versreëls elk. Wat noem ons 'n strofe wat bestaan uit ...
 - twee versreëls
Koeplet.
 - vier versreëls
Kwatryn.
- Hoe is hierdie brief versend? Waaruit kan jy dit aflei?
Per e-pos (elektroniese pos). Die titel (hotmail.com en gmail.com) dui daarop.

Gedig: Luisterswaeltjies (Week 3 en 4: Aktiwiteit 96)

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Waaroor kla die mense oor die telefoon?
Hulle brom oor die koue wat uit die barre suide kom.
- Waarvan droom ons almal volgens die spreker in die gedig?
Ons droom van lieflike oorde wat lê in die warm somernoorde.

3. Wat is die spreker se verklaring waarom die swaeltjies noordwaarts migreer?
Hulle luister ons af en trek dan agter ons drome aan.
4. Watter woorde wat die noorde beskryf is in kontras met:
 - 4.1 kaal, onvrugbaar, dor? **Lieflike, welige.**
 - 4.2 koud? **Warm.**
5. Watter soort rym tref ons in die gedig aan? **Paarrym.**
6. Skryf 'n voorbeeld van omgekeerde woordorde (inversie) uit versreëls 4 en 5 neer. Waarom het die digter dit gedoen?
Eintlik moet dit wees: hulle brom van die koue wat kom, hulle en brom is omgeruil vir rymdoeleindes.
7. Oop wit ruimtes soos in versreëls 3 en 5 voorkom, word tipografiese wit genoem. Wat word deur hierdie wit gedeeltes in dié gedig uitgebeeld?
Dit suggereer stiltes. Dit is wanneer die swaeltjies luister terwyl die mense praat.

Gedig: Eerste dag in 'n nuwe skool (Week 5 en 6: Aktiwiteit 102)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Lees weer die gedig en skryf die sterk kontras wat daarin voorkom, neer.
Die blydschap en gebabbel van die leerders om mekaar te sien na die vakansie teenoor die vreemdheid en stilswye van die nuwe leerder.
2. Verduidelik die tipografiese uiteensetting van die eerste gedeelte van die gedig.
Die losstaande sinne en fragmente dui op die kinders se gebabbel. Hulle val mekaar in die rede. Hulle almal wil net praat en vertel.
3. Hoe word die verskillende praatwyses van die leerders tipografies uitgebeeld?
Deur middel van hoofletters, donker druk en uitroeptekens word die emosies en praatwyses uitgebeeld.
4. Dink jy dit waaroor die leerders klets is tipiese dinge waaroor daar na 'n vakansie gepraat word? Skryf twee voorbeelde neer waarmee jy kon identifiseer.
Ja, na 'n vakansie wil almal weet waar 'n mens vakansie gehou het, uitvind oor vakansie romanses, by wie watter vakke in die nuwe jaar gekry word, ensovoorts.
5. *Sy gaan uitfreak as sy jou hare sien.* Wie dink jy is dit wat gaan *uitfreak* en hoekom?
Waarskynlik is dit 'n onderwyseres wat ontevrede gaan wees omdat die leerder se hare nie volgens die skoolreëls is nie.
6. Hoe verskil die tipografie van die strofe oor die nuwe leerder se bang wees tipografies van die res van die gedig?
In kontras met die res van die gedig is hierdie strofe gestruktureerd en georden.
7. Skryf die inligting wat die nuwe leerder wou weet in 'n direkte vraagsin oor.
“Kan een van julle asseblief vir my sê waarheen die graad tiens moet gaan as die klok lui?”
8. Wat sou jy sê is die dieperliggende tema wat in die gedig opgesluit lê?
Leerders moet nuwe leerders raaksien en aan hulle hulp verleen.
9. Gesels in die klas oor hoe julle nuwe leerders kan laat tuis voel en kan laat inskakel by die skoolbedrywighede.

Gedig: Fotoverhaal (Week 7 en 8: Aktiwiteit 111)

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Hoe sluit die titel by die inhoud van die gedig aan?
Die spreker in die gedig se lewe word in 'n fotoverhaal uitgebeeld.
- Hoe sluit die eerste twee versreëls by die slotreëls van die gedig aan?
Die getal sewe is die simbool van volmaaktheid. In die slotreël gaan dit oor die volmaakte weë van God.
- Is hierdie 'n groot gesin? Waaruit het jy die afleiding gemaak?
Ja, daar is 'n ma, 'n pa, broers, susters en die spreker.
- Wat is die *36-dodge* waarna in versreël 8 verwys word?
Dit is die gesin se voertuig wat 'n 1936 model is.
- Bespreek die kontras wat ons in versreël 9 en 19 aantref.
**In versreël 9 is die ma vrolik aangetrek, want hulle hou piekniek.
In versreël 19 is die ma stemmig in swart geklee, want hulle is by 'n begrafnis.**
- Watter speletjie het hulle by die piekniek gespeel? Watter taalverskynsel tref ons in die speletjie se naam aan.
Hulle speel ellirous (early rose). Dit is 'n voorbeeld van volksetimologie, want die woord is so gevorm om by Afrikaans se klanksisteem aan te pas.
- Wie is dit wat oorlede is? **Die pa is dood.**
- Wat is die tempo van die laaste drie versreëls?
Die tempo is stadig. Die lang klanke in woorde soos steen, openbaring, waaragtig en weë verstadig die tempo.
- Watter rympatroon tref ons in die gedig aan en waarom juis dié rympatroon?
Gebroke rym. Dit dui op die gebroke harte met die pa se dood en die gebrokenheid van die lewe.

Volksverhaal: Die visser en sy vrou (Week 9 en 10: Aktiwiteit 118)

Vrae en voorgestelde antwoorde

- In hierdie volksverhaal kom daar baie sprokieselemente voor. Maak 'n lys daarvan.
**Onmoontlike dinge gebeur (die vis kan praat en die wense word waar).
Daar is gewoonlik 'n lewensles uit te leer.
Die goeie oorwin altyd.**
- Benoem en verduidelik die beeldspraak in die woorde 'n *treurige ou hutjie* in paragraaf 1.
Personifikasie. Die hut is nie treurig nie, dit beteken slegs dat die hut klein en verwaarloos is.
- Die woorde wat die visser aan die vis sê kom in paragraaf 4, 9, 13, 19, 26 en 32 voor.
 - Wat merk jy hier op omtrent die tipografie?
Dit is in die vorm van 'n gedig geskryf wat rym aan die einde. Dit is korter as die ander paragrawe en lyk tipografies anders.
 - Hoekom lyk dit tipografies anders as die res van die verhaal?
Die woorde word uitgehef / staan uit.

3.3 Gee een woord om hierdie visserswoorde te omskryf.

Towerspreuk.

4. Die woorde *die vroumens is met niks te keer* kom telkens in hierdie woorde voor. Wat sê dit van hulle verhouding as hy na haar as *vroumens* verwys?

Hulle het nie 'n goeie verhouding nie. Daar is reeds afkeur in dié woord teenwoordig.

5. Telkens as die pratende vis die vrou se wens bewaarheid, is daar 'n kontras in die man en die vrou se beleving daarvan. Verduidelik.

Die man is in ekstase en bly en dankbaar daarvoor, maar die vrou is ontevrede.

6. Let op die vrou se reaksie telkens as haar wens (eerder bevele) waar word (paragraaf 7, 10, 15, 22, 28). Vind jy dat daar 'n verandering in haar houding is? Verduidelik.

Aanvanklik was sy 'n ruk tevrede, maar later het sy byna dadelik gesê dat sy nie tevrede is nie en nóg groter en ryker en beter wil wees.

7. Daar kom baie progressie in hierdie verhaal voor.

7.1 Lees die beskrywing van die see in paragraaf 3, 8, 12, 18, 25 en 31. Dui hierdie progressie volledig aan.

Die see was eers groen en geel (lig), toe donkerblou en pers, daarna donkergrys en maal asof daar 'n storm aan die kom is, toe swart en troebel. Daarna steek 'n vreeslike storm op en ten laaste donder dit en blits en groot bome word omgeruk.

Daar is progressie in die kleur: van lig tot donker.

Daar is progressie van stilte tot 'n hewige donderstorm.

7.2 Dui die progressie in die vrou se wense / bevele aan.

Eers wou sy net 'n netjiese klein huise hê, toe 'n kasteel, toe wil sy die koning wees, toe die keiserin, daarna die Pous en ten laaste die Liewe Heer.

8. Sy wil ten slotte word soos *die Liewe Heer*. Watter verrassing wag daar op haar? Hoe het sy gedink gaan dit wees en wat was die uiteinde toe?

Sy het gedink sy gaan almagtig en groot wees, maar tot haar verbasing moet sy nederig en beskeie wees soos die Liewe Heer regtig is.

9. Skryf die lewenswaarhede wat ons uit hierdie verhaal leer, neer.

'n Mens moet tevrede wees met wat jy het en wie jy is.

As een behoefte bevredig word, ontstaan daar altyd 'n nuwe in die plek daarvan.

Ryk en belangrike mense is nie noodwendig gelukkiger as arm mense nie.

Gedig: Front (Week 9 en 10: Aktiwiteit 119)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat beteken die uitdrukking: *deur 'n ring trek* (versreël 2)?

Om baie netjies aangetrek te wees.

2. Benoem en verduidelik die beeldspraak wat in versreëls 3 tot 5 voorkom.

Metafoor. Die kabeljou se vel word metafories gelyk gestel aan die materiaal, sy.

3. Watter kleure is *brons en purper* (versreël 4)?

Bron is koperkleurig en purper is pers/pienk.

4. Watter woord in strofe 1 dui daarop dat die kabeljou trots en spoggerig was?

Windmakerig.

5. Waar bevind die kabeljou hom in strofe 2? Wat het met hom gebeur?
Hy is gevang en is nou in 'n vrieskas gereed om verkoop te word.
6. Watter woord in strofe 2 sluit aan by die woorde *ten toon gestel* in versreël 10?
Uitstalbak en ten toon gestel sluit bymekaar aan.
7. Verduidelik die kontras hoe die kabeljou in strofe 1 lyk en hoe hy in die slotstrofe lyk.
Motiveer jou antwoord.
**In strofe 1 is die kabeljou mooi in sy uitrusting van brons en silwer.
In die laaste strofe is hy 'n lelike vuilgrys kleur, want sy blink skubbe is afgekrap.**
8. Wat is die diepere betekenis wat aan hierdie gedig gekoppel kan word en hoe sluit die titel hierby aan?
**'n Mens kan 'n front voorhou van wie of wat jy wil wees, maar op die einde is almal maar gelyk.
'n Mens kan vir jou mooi maak en skatte bymekaar maak, maar as jy sterf is almal gelyk.**

Kwartaal 4

Kortverhaal: Sanet speel speurder (Week 1 en 2: Aktiwiteit 126)

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Hoe sluit die titel van die verhaal by die inhoud van die verhaal aan?
Die titel ontsluit die inhoud, want terwyl Sanet en haar pa 'n malvalekkertert maak, ontvou die speurverhaal.
- Lees weer paragraaf 4. Waarom dink jy beweer Sanet dat sy alles by die huis moet doen?
Sanet se ma het 'n baba wat haar baie besig hou en dit veroorsaak dat Sanet baie huishoudelike takies moet doen.
- Verklaar die gebruik van die stippels (ellipse) in die volgende sinne:
 - 3.1 “Die dag was net ...” (paragraaf 5)
Die stippels dui aan dat die pa nie sy sin voltooi nie, omdat hy besef hy mag nie sy polisie-werk met sy huislike lewe laat inmeng nie.
 - 3.2 “... en ek moenie dit met my nuuskierige dogter wat ook eendag ...” (paragraaf 5).
Die stippels toon aan dat Sanet haar pa in die rede val.
- Voltooi die pa se woorde in paragraaf 5: ... en ek moenie dit met my nuuskierige dogter wat ook eendag 'n speurder wil word, deel nie.
- In hierdie verhaal tref ons twee verhaallyne aan. Verduidelik.
**Die pa vertel van sy speurwerk.
Sanet vertel hoe om die malvalekker-tert te maak.**
- Kan ons 'n parallel tussen die twee vertellings trek? Verduidelik jou antwoord.
**Ja, daar is 'n parallel tussen die twee vertellings.
Net soos wat die tert stap vir stap gemaak word, ontvou die speursaak stap vir stap.**
- Lees weer vanaf paragraaf 35 tot 42 en identifiseer watter twee oorsake Sanet dink kan lei tot 'n moord.
'n Derde persoon in 'n huwelik, of om iemand se geld in die hande te probeer kry, kan aanleiding gee tot moord.
- Skryf uit paragraaf 45 'n woord wat dieselfde beteken as *skuldig* neer.
Verdag.
- Watter dubbele betekenis kan aan die pa se woorde “Wat gebeur nou?” (paragraaf 49) geheg word?
Dit kan verwys wat is die volgende stap by die oplos van die moordsaak, of dit kan verwys na die volgende stap wat moet hulle doen by die maak van die tert.
- As Sanet in paragraaf 50 sê “*Maklik*” verstaan haar pa haar verkeerd. Verduidelik.
Sanet bedoel dis maklik om die tert te maak. Haar pa dog sy bedoel dis maklik om die moordsaak op te los.
- Het Sanet haar pa om die bos gelei met die maak van die tert? Motiveer jou antwoord.
Ja, sy het haar pa nie reg van die begin af gesê dat die tert nie vir hulle as gesin bedoel was nie.
- Skryf 'n meer aanvaarbare woord neer vir *flop* (paragraaf 65).

Mislukking.

13. Kyk in 'n resepteboek na die vorm en struktuur waarvolgens 'n resep geskryf word. Skryf nou die resep van die tert daarvolgens in jou skrif neer.

Malvalekker-tert

Bestanddele

40 malvalekkers 200 g wit sjokolade
1¾ koppie melk 250 ml room
1 pakkie haselneute ¾ pakkie Tennis-beskuitjies
8 eetlepels margarien

Metode

1. Rol die beskuitjies fyn.
2. Smelt margarien en roer beskuitjies by.
3. Druk beskuitjie-mengsel in 'n gesmeerde bak vas.
4. Snipper malvalekkers fyn.
5. Verhit melk in 'n kastrol.
6. Voeg fyngesnipperde malvalekkers by en roer tot lekkers gesmelt is.
7. Voeg haselneute by.
8. Skep mengsel in beskuitjiekors.
9. Laat stol in die yskas.

Gedig: Seun – derde bank, tweede ry (Week 1 en 2: Aktiwiteit 126)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. In watter ruimte speel die gebeure af?

Die gebeure speel in 'n eksamenlokaal af.

2. Skryf 'n woord uit die eerste strofe neer wat daarop dui dat die spreker nie die vraestel as belangrik sien nie. **Minag.**
3. Wat doen die spreker eerder as om die vraestel te beantwoord?

Sy sit en kyk na 'n seun in die tweede ry in die derde bank van die eksamenlokaal.

4. Skryf 'n woord uit die eerste strofe neer wat daarop dui dat die seun se aandag by sy vraestel is. **Verstrengel.**
5. Watter vak se vraestel is die leerders besig om te skryf? Bewys jou antwoord met 'n aanhaling.

Hulle skryf lewenswetenskap / biologie “illeums en jeenums” is terme wat met spysvertering / dermkanaal verband hou.

6. Ken die spreker die seun baie goed? Motiveer jou antwoord.

Ja, sy ken die seun baie goed, want sy is bewus daarvan dat hy frons, dat daar bytmerkies aan sy pen is en dat hy 'n beneukte trek om sy mooi mond het.

7. Skryf 'n vergelyking uit die tweede laaste strofe neer. Dink jy dit is 'n gepaste vergelyking?
“dat ek jou gaan mis soos 'n laaste slukkie koffie” Leerders se eie antwoorde, dit moet net goed gemotiveer wees.
8. In watter graad dink jy is die leerders? Motiveer jou antwoord.

Hulle is in graad 12, want die seun gaan die volgende jaar weg.

9. Skryf in jou eie woorde wat jy dink die seun die volgende jaar gaan doen.

Die seun gaan moontlik 'n oorbruggingsjaar neem en die wêreld verken voordat hy finaal besluit wat om te studeer, ensovoorts.

10. Voel die seun en meisie dieselfde oor mekaar?

Nee, die seun is salig onbewus van die meisie wat hom so goed ken en van hom hou.

Kortverhaal: Donker poele (Week 3 en 4: Aktiwiteit 135)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die titel van die verhaal. Hoe sluit die titel by die inhoud van die verhaal aan?

Die titel sluit aan by die aanhaling uit die boek : *His eyes seemed like deep, dark water, and she slowly felt herself drowning in them* asook by die slot van die verhaal waar die vrou se oë soos diep donker waterpoele lyk wat die verteller intrek.

2. Watter soort verteller tref ons in die verhaal aan?

Ek-verteller.

3. Hoe word daar reg aan die begin reeds spanning geskep?

Die kort sin en die woorde: “ Ek weet wie jy is” skep onmiddellik spanning.

4. In die verhaal tref ons slegs twee karakters aan. Dui aan wie die hoofkarakter is. Motiveer jou antwoord.

Justin is die hoofkarakter. Hy is die sentrale figuur waarom die gebeure draai. Hy is konstant op die voorgrond.

5. Skryf 'n voorbeeld van innerlike konflik uit paragraaf twee neer.

Justin wat bang is, is 'n voorbeeld van innerlike konflik.

6. “... ek weet wat jou geheim is.” Wat is die geheim waarna hy verwys?

Hy verwys daarna dat hy weet Isabelle Meyer is die skrywer June McCarthy.

7. “Ek glimlag vir my eie grappie, al voel ek nogal senuweeagtig.” Wat was die grappie wat vir Justin laat glimlag?

Die woordspeling in sy woorde: “Lui die naam June McCarthy dalk 'n klokke...”, is vir hom snaaks, want hy het so pas die interkom se klokke gelui.

8. Wat word deur die tipografiese wit gedeeltes tussen reëls 8, 9 en 19, 20 aangedui? Wat lei ons daardeur van die tydsverloop van die verhaal af.

Die tipografiese wit gedeeltes dui tydspronge aan. Die tydsverloop in die verhaal is fragmentaries, want die gebeure volg mekaar nie chronologies op nie.

9. Was dit 'n impulsiewe besluit van Justin om vir Isabelle te konfronteer met dit wat hy uitgevind het?

Nee, hy het vir weke daarvoor gedink.

10. Lees weer paragraaf 13. In watter deel van Suid-Afrika speel die verhaal af? Motiveer jou antwoord.

Die verhaal speel in die Kaap af, want die Suidooster wind waai in die Kaap.

11. Wat was die hoofrede waarom Justin vir Isabella wou ontmasker?

Hy wou haar afpers vir geld, want sy pa het sy werk verloor en hulle het 'n tekort aan geld ondervind.

12. Lees weer paragraaf 30. Waarom kan Justin se woorde as ironies gesien word as die slot van die verhaal in gedagte gehou word?

Die vampiere is nie cool/ nie, hulle is gevaarlik, want hy het in een se kloue beland.

13. “So,” sê sy, “jy sê jy weet wat my geheim is?” (paragraaf 37) Verduidelik wat Isabella se geheim eintlik is.

Justin het gedink haar geheim is dat sy onder ’n vals naam en in ’n geheime plek woon, maar haar geheim is eintlik dat sy ’n vampier is.

14. Hierdie verhaal het ’n oop einde. Verduidelik wat daarmee bedoel word.

In hierdie verhaal word dit aan die leser self oorgelaat om te besluit wat die uiteinde was. Die leser kan sy gedagtes laat gaan oor wat verder tussen Justin en Isabella gebeur het.

15. Kan hierdie verhaal as ’n illusie van die werklikheid beskou word? Motiveer jou antwoord.

Die begin van die verhaal kan ’n illusie van die werklikheid (lewensgetrou) wees, maar die slot van die verhaal is nie moontlik nie, want daar is nie werklik mense wat vampiere is nie.

Gedig: Die wêreld wat so klein geword het (Week 3 en 4:

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. In hierdie gedig word na drie geslagte verwys. Verduidelik.

Daar word na die ouma, ma en kind verwys.

2. Die titel is *Die wêreld het so klein geword*. Hoe het die wêreld klein geword en hoe sluit die tipografie hierby aan?

Deur die tegnologie het die wêreld klein geword en is kontak regoor die wêreld moontlik. Die laaste strofe word die woorde in elke reël minder om die verkleining aan te dui.

3. Die ouma se wêreld word in die eerste strofe beskryf.

3.1 Hoe verskil haar *klets met maats* met die van die ek-spreker in versreël 15?

Die ouma het nog werklik gesels en geklets (klanknabootsende woord) met haar maats. Die spreker “klets” en kuier in kletskamers klankloos (dus net in geskrewe taal).

3.2 Watter taalverskynsel kry ons as die woord *foun* gebruik word na die Engelse *phone*? Skryf ook die suiwer Afrikaans hiervoor neer.

Volksetimologie. Telefoon.

4. Vra jou ma of ouma waarna die *twee kortes en ’n lange* verwys of doen navorsing oor die eerste telefone wat gebruik is. Skryf kort aantekeninge hieroor neer.

Daar was nog handsentrales. Almal op dieselfde lyn het ’n ander luitoon gehad. Die telefoon het heeldag gelui, maar jy het net opgetel as dit julle huis se luitoon was (twee kort luie en een lang lui). Die ander mense wat op dieselfde lyn is, kon inluister. Daar was dus baie min privaatheid.

5. Haal ’n woord uit die tweede strofe wat daarop dui dat sy ma-hulle baie speelplek gehad het.

Ruim.

6. Waarom is daar ’n uitroepteken in versreël 9? Verduidelik.

Dit word beklemtoon dat dit baie min gebeur dat iemand oorsee reis.

Deesdae is dit ’n algemene verskynsel. Dit dui haar verwondering aan.

7. Watter soort rym word in versreël 12 gebruik om dit klankryk te maak?

Binnerym, die woord *muis* rym met *huis*.

8. Watter woorde word in versreël 12 en 13 herhaal en wat word daardeur bewerkstellig?

Die woord *my* word herhaal om die spreker se wêreld te beklemtoon.

9. Die woorde *klankloos klets en kuier* (versreël 15) het betrekking.

9.1 Watter halfrym word gebruik om hierdie woorde klankryk te maak?

Allitererende k-klank.

9.2 Waarna verwys hierdie woorde?

Na kletskamers waar daar oor die internet gesels word, byvoorbeeld Facebook.

10. Bestudeer versreël 18 tot 24 noukeurig.

10.1 Hoe word die grootheid van die wêreld beklemtoon. Noem twee.

Die gebruik van die woord *duidelingwekkende*.

Die woord *GROOT* wat in hoofletters geskryf is.

10.2 Watter kontras tref ons hier aan?

Die groot wêreld wat klein geword het. Die hele wêreld het met die klik van 'n muis tot binne in ons kamers gekom.

10.3 Watter funksie het die tipografie hier?

Die tipografie wys hoe die wêreld klein geword het.

Drama: Demeter en Persephone (Week 5 en 6: Aktiwiteit 143)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf die rede neer waarom die ou vrou aan die begin van die drama met haarself praat.

Deur hardop te dink, lig sy die gehoor in oor wat in haar gedagtes aangaan.

2. Skryf die verskillende ruimtes neer wat ons in die drama aantref.

Ons tref twee ruimtes aan:

'n Kinderkamer in 'n paleis.

Die troonkamer waar die godin op die troon sit.

3. Hoekom mag die tonele nie te veel in 'n drama verander nie?

Dit skep tegniese probleme as die tonele te veel moet verander, want die gehoor sal te lank moet sit en wag totdat die verhoog verander is.

4. Reg aan die begin van die drama is daar reeds spanning teenwoordig. Skryf dit neer en verduidelik.

Die gehoor weet nie of die ou vrou die baba wil vermoor deur hom op die vuur te plaas nie.

5. Skryf twee tegnieke neer wat die dramaturg gebruik het om spanning in die drama te bewerkstellig. Skryf telkens 'n voorbeeld uit die drama neer.

Enige voorbeeld uit teks.

Byklanke: “'n Gerammel weerklink ...”

Beligting: “'n Gloed verskyn en word helderder ...”

6. Bestudeer spreekbeurt 3. Waarom beskuldig die koning die ou vrou van ondankbaarheid?

Die koning het hom oor haar ontferm toe hy gedink het sy is 'n rondlopervrou en vir haar werk gegee en nou wil sy sy kind verbrand.

7. Bestudeer spreekbeurt 4. Waarom was die ou vrou nie ontsteld omdat die koning haar in die kerker wou gooi nie?
Sy het geweet daar sal nie brandmerke op die baba wees nie.
8. Waarom het die ou vrou haar werklike identiteit vir ses maande geheim gehou?
Sy het na haar dogter gesoek en wou nie hê mense moet haar herken nie, sodat sy oral kon soek.
9. Waarom was dit so belangrik dat sy haar dogter moes vind?
As hulle nie vir Persephone vind nie sal alle plante vir altyd verdroog.
10. Watter natuurverskynsel word in hierdie mite verklaar?
Die verandering van seisoene – somer en winter.

Gedig: Straatkind (Week 5 en 6: Aktiwiteit 144)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Word daar in hierdie gedig na 'n spesifieke straatkind verwys? Motiveer jou antwoord.
Nee, die gedig verwys nie na 'n spesifieke straatkind nie, maar na straatkinders in die algemeen, want die titel is *Straatkind*. Daar is nie 'n bepaalde lidwoord *die* in die titel nie.
2. Lees strofe 1. Wat is die rede dat die kind op straat woon?
Sy ouers kan nie vir hom sorg nie, want sy ma is geestelik versteur en sy pa is 'n alkoholis. Albei sy ouers is moontlik in inrigtings.
3. Skryf uit strofe 2 'n voorbeeld neer van:
 - 3.1 ontronding – ***Gelukkig* uitgespreek as *gellikig*.**
 - 3.2 assimilasië – ***Ook nie* uitgespreek as *okkie*.**
4. *My ideale net symbolic* (versreël 4). Skryf in jou eie woorde wat hierdie versreël beteken.
Die straatkind se ideale is net iets waarvan hy kan droom. Daar is nie vir hom 'n toekoms nie.
5. Lees versreëls 7 en 8. Wat word in hierdie twee versreëls gesuggereer?
Die versreëls suggereer dat niemand hom wil raaksien en in sy oë wil kyk nie. Almal vermy die straatkind.
6. Skryf 'n versreël uit die gedig neer wat daarop dui dat die straatkind moet bedel om aan die lewe te bly.
My lewe isse grootseblief
7. Die kind bly op straat, maar waar slaap hy?
Die straatkind slaap in 'n waterpyp.
8. Verduidelik in jou eie woorde wat versreël 15 en 16 beteken.
Die straatkinders het 'n wag wat kyk of die polisie aankom.
9. Is dit gepas dat hierdie gedig nie in Standaardafrikaans geskryf is nie? Motiveer jou antwoord.
Ja dit is gepas, want die taalgebruik pas by die van 'n straatkind.
10. Benoem die rymskema wat in die gedig aangetref word.
Paarrym.

Tekste vir verryking

Gedig: Die spoke

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Bestudeer die strofe-indeling met aandag.
 - 1.1 Wat word 'n strofe wat uit vier versreëls bestaan genoem?
Kwatryn.
 - 1.2 Watter rympatroon kom in die eerste strofe voor?
aabb
 - 1.3 Benoem die rympatroon. **Paarrym.**
- Halfrym is alliterasie en assonansie.
 - 2.1 Skryf versreël 4 oor en omkring die allitererende klanke.
En die ene wys die ander hoe sy werwels werk.
 - 2.2 Skryf versreël 7 oor en omkring die assonerende klanke.
Met 'n benrige arm om 'n werwelnek
- Dui die kontras in versreël 3 aan en verduidelik waarin die teenstelling geleë is.
Politiek en kerk is in kontras met mekaar.
- Verduidelik die naamgewing in versreël 10.
Dit is nie regte vanne nie. Dit is eerder beskrywend om dit komies te maak.
- Bestudeer versreël 11 met aandag.
 - 5.1 Hoe sluit die *geklap van bene* by die inhoud van die gedig aan?
Dit is dooies en geraamtes en beendere is deel daarvan en sluit sodoende by die inhoud aan.
 - 5.2 Benoem die stylmiddel wat in die reël aangetref word.
Klanknabootsing.
- Lees weer versreël 13. Wat is die funksie van die herhaling van die woord *hulle*?
Versterk die ritme. Dit beklemtoon ook die baie aksies wat die "hulle" uitvoer.
- Watter waarheid kom in die koorgedeelte na vore?
Spoke bestaan nie werklik nie.

Gedig: Slaap

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Hoeveel versreëls tref ons in die gedig aan?
Die gedig bestaan uit veertien versreëls.
- Wat word so 'n gedig genoem?
Sonnet.
- Uit hoeveel sinne bestaan die gedig?
Die gedig bestaan uit vyf sinne.
- Watter halfrym is opvallend in die eerste 8 versreëls?

Assonansie, die herhaling van die aa-klank.

Alliterasie, die herhaling van die s-klank.

5. Wat beteken versreëls 9 en 10?

Reëls 9 en 10 dui op wanneer iemand moet sterf.

6. Wat doen 'n mens as jy met God praat?

'n Mens praat met God wanneer jy bid.

7. Skryf die vergelyking neer wat in die eerste vier versreëls aangetref word en verduidelik wat die ooreenkoms is tussen die twee dinge wat met mekaar vergelyk word.

Bloue oë en waterkuile word met mekaar vergelyk. Die dogtertjie se oë en die water is blou.

8. Watter sintuie word in die gedig betrek? Noem die versreëls om dit te bewys.

Sigsintuig = bloue oë.

Gehoorsintuig = fluistering.

9. Watter stemming tref ons in die gedig aan?

'n Rustige stemming word in die gedig geskep.

Kortverhaal: Eie ruimte (Week 3 en 4: Aktiwiteit 135)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter handeling, reg aan die begin van die verhaal, dui daarop dat die musiek hard gaan wees?

Hy draai die volumeknop kloksgewys, met ander woorde hy stel dit harder.

2. "Vensters ratel soos die bas dit buig." Word hierdie sin letterlik of figuurlik bedoel?

Figuurlik, die bas-klanke is baie hard, maar dit kan nie werklik die vensters buig nie.

3. Watter soort beeldspraak tref ons aan in:

3.1 ...*huilende kitare*... (paragraaf 2) **Personifikasie.**

3.2 ...*nagmerrieweek*... (paragraaf 2) **Metafoor.**

4. Skryf uit paragraaf 2 'n woord neer wat beteken om iemand op te sweep / tot aksie te laat oorgaan.

Opruiende.

5. In hierdie verhaaltjie is treffende voorbeelde van klanknabootsing. Skryf die klank van die elektriese kitaar wat nageboots word neer.

Twêêiiiing!

6. 'n *Vreemde geskree is iewers vasgekeer*. Is hierdie geskree deel van die musiek? Verduidelik.

Nee, want die woord "vreemde" dui aan dat dit nie deel van die melodie is nie en net nadat Chris die vreemde geluid hoor, draai hy die musiek sagter, want iemand klop aan sy deur.

7. Skryf 'n emotiewe woord uit paragraaf 9 neer. Is die gebruik van die woord gepas? Verduidelik.

"Hamer." Ja, die gebruik van die woord is gepas, want sy ma is kwaad omdat sy musiek so hard is en as sy slegs aan die deur geklop het, sou hy dit nie bo die musiek uit kon hoor nie.

8. Waarom kan die slotparagraaf as ironies gesien word?

Dit is ironies, want hy luister die musiek nie net in sy eie ruimte soos hy beweer nie. Dit is so hard die hele huis kan dit hoor.

Kortverhaal: Die klein voëltjie

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat is die tyd waarin hierdie verhaal afspeel?

Van die oggend vroeg tot die middag na werk.

2. Dui die tydsverloop in die verhaal aan.

Die tydsverloop is chronologies. Dit begin vroeg in die oggend en verloop opeenvolgend tot die middag na werk.

3. Bespreek die ruimtes wat in die verhaal betrek word.

Buite by die swembad

In die kombuis

By die kantoor

4. Hoe word die leser direk by die omstandighede van die vorige nag betrek?

Die gebruik van enkel woorde en sintuiglike waarneming reg aan die begin van die verhaal.

5. Watter soort verteller tref ons in die verhaal aan?

Alomteenwoordige verteller, want die verteller weet wat die karakters dink, doen en sê.

6. Wie dink jy is die *hy* waarmee ons in die verhaal kennis maak?

Die huiseienaar, huisbewoner, die pa van die kinders.

7. Beskryf 'n enkele karaktertrek van die man in slegs een sin.

Die man is liefdevol en gee om, want hy probeer die voëltjie red.

8. Haal uit paragraaf 3 'n sinsnede aan wat die leser emosioneel betrek.

“...geluidloos om hulp roep.”

9. Verduidelik waarom die man 'n wit leuentjie wou vertel.

Hy wou nie vir die kinders vertel dat hy op een of ander wyse van die voëltjie ontslae geraak het nie.

10. Verduidelik die ironie wat in die verhaal opgesluit lê.

Dit is ironies dat die pa die kinders die hartseer van wat ook al met die voëltjie sou gebeur, wou spaar deur 'n leuen te vertel, maar toe beleef hulle hoe die kat die voëltjie opeet.

11. Hierdie verhaal kom uit die bundel: *Groceries – 56 stories oor huishoudelike produkte*. Watter woord in paragraaf 3 hou verband met die titel van die bundel?

Pronutro.

Kortverhaal: Die Super Shaker

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hoe word dit uitgehef dat die verteller nie opgewonde is om na die pretpark toe te gaan nie?

In die aanvangsin lees die leser reeds: “Alles is verkeerd.” Hierdie woorde word ook alleen in ’n paragraaf geplaas en beklemtoon dus dat die dag nie goed begin het nie.

2. Hoe word dit uitgehef dat die verteller nie graag in ’n tou wil staan en wag nie?

Deur herhaling. Die verteller sê dat die tou lank is en dan herhaal hy: “Te lank.” Dit is dus te lank vir hom om te staan en wag.

3. Watter soort verteller tref ons in die verhaal aan? Motiveer jou antwoord met ’n aanhaling uit paragraaf 2 en sê waarom hierdie soort verteller geskik is vir hierdie verhaal.

Eerstepersoonsverteller. “Ek weet dit...” Enige gepaste aanhaling wat die woorde “ons” of “ek” bevat. Hierdie soort verteller is die geskikste om eie gevoelens en belewinge te verwoord.

4. In paragraaf 3 word Givan met ’n skouparkiet vergelyk. Verduidelik waarom dit ’n gepaste vergelyking is.

Givan praat aanmekaar soos ’n parkiet.

5. Bedoel die verteller dit as hy in paragraaf 3 sê dat Givan *pittig* (snaaks) is?

Nee, die verteller is sarkasties, want hy is geïrriteerd met Givan.

6. Wat beteken dit as die verteller sê: *...en laser hulle met my oë* (paragraaf 7)?

Hy gee vir hulle ’n deurborende kyk.

7. Watter twee woorde in paragraaf 4 en paragraaf 8 sluit direk bymekaar aan? Verduidelik waarom.

Die woorde “kyk-my-bisep-hempie” en “bisepbobbejaan” sluit direk bymekaar aan, want altwee verwys smalend daarna dat Givan met sy spiere spog.

8. Sou ons kon beweer dat Viro nie baie ryk is nie? Motiveer jou antwoord.

Dit wil voorkom asof Viro nie baie ryk is nie, want hy moes karre was om geld te verdien om na die pretpark te kon gaan.

9. *Ek staar doof by hulle verby* (paragraaf 20). Skryf ’n vaste uitdrukking neer wat beteken jy hoor, maar maak of jy nie hoor nie.

Horende doof hou.

10. In paragraaf 26 sê Viro sy gebed is nie verhoor nie. Wat dink jy het hy gebid?

Hy het gebid dat hulle nie sitplekke in die voorste ry karretjies moes kry nie.

11. Die reaksie van die mense wat van die karretjies afklim verskil. Verduidelik.

Sommige van die mense glimlag, maar ander is bleek om die kiewe.

12. Skryf ’n wisselvorm vir die woord *kiewe* (paragraaf 25) neer. **Kieue.**

13. Wat bedoel Viro as hy in paragraaf 27 sê: *Vandag groet ek...*

Hy suggereer dat hy gaan sterf.

14. Watter antiklimaks tref ons in die slot van die verhaal aan? Verduidelik.

Grootbek Givan is die lafaard en Viro wat aanvanklik bang was, geniet die rit.

15. Lees weer die eerste sin van die verhaal en vergelyk dit dan met die laaste sin. Dui die kontras aan.

Aan die begin het Viro gedink dit gaan ’n verskriklik dag wees en aan die einde is hy die een wat weer wil gaan ry en was die rit allermens verskriklik.

Kortverhaal: Verstom(p)de potlood

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wie is die verteller in hierdie verhaal?
'n Potlood vertel die verhaal.
2. Vanuit watter vertellerperspektief word die verhaal vertel?
Ek-verteller.
3. Bespreek die onderskeie ruimtes wat in die verhaal aangetref word.
Daar is drie ruimtes in die verhaal: 'n kunswinkel, die kunstenaar se plek en die ouma se woonplek.
4. Waarna verwys die simbole 4B, 7B, ensovoorts wat die potlode genoem word?
Dit verwys na die graad van hardheid van die lood van die potlood.
5. Verduidelik in jou eie woorde waarom die potlode nie te geheg moes raak aan hulle lêplekkie op die rak nie.
Hulle word verkoop en dan word hulle verskuif na waar die koper hulle gaan nodig kry.
6. Verduidelik die woordspeling in die volgende aanhaling uit paragraaf 5:
'n 7B vat dit veral moeilik – hulle is mos sagte outjies...
'n 7B potlood se lood is baie sag en breek maklik. Die potlood se hart is sag en kry maklik seer.
7. Skryf die uitdrukking wat in paragraaf 6 voorkom neer en sê wat dit beteken.
Sy is nie die skerpste potlood in die pakkie nie. Dit beteken dat sy nie baie intelligent is nie.
8. Was die potlood ongelukkig toe sy verkoop is? Haal 'n woord aan om jou antwoord mee te bewys.
Nee, die potlood was opgewonde. “opgewondenheid”
9. Verduidelik die gebruik van die woord *verstom(p)end* in paragraaf 9.
Die potlood was *verstom* dat sy so 'n mooi kurwe kan trek en haar punt het *stomper* geword.
10. Hoe word die sensasie om potlood te wees, uitgehef?
Die woord *ek* word tussen aandagstrepe geplaas en met 'n uitroepteken geskryf.
11. Hoe word die rustige beweging van die potlood onderbreek?
Die potlood het op die grond geval.
12. Skryf 'n klanknabootsende woord neer wat daarop dui dat die potlood baie hard geval het.
Doef.
13. Hoe word dit uitgehef dat die potlood seergekry het?
Die alleenplasing van die woord *pyn* en die uitroepteken dui op die potlood se pyn.
14. Vervang die emotiewe woorde *raap* en *grou* wat in paragraaf 11 en 12 voorkom met meer neutrale woorde.
Tel op en soek is meer neutrale woorde.
15. Watter tegniek gebruik die skrywer om die skerpmaakaksie van die potlood mee te beskryf?
Die gebruik van kort woordjies en herhalings beskryf die skerpmaakaksie baie effektief.

16. Verduidelik die potlood se blydskap aan die einde van die verhaal.

Die potlood was trots op sy bydrae om die ouma gelukkig te maak.

17. In hierdie verhaal word menslike eienskappe aan die potlood gegee. Wat word hierdie vorm van beeldspraak genoem?

Personifikasie.

Volksverhaal: Die groot konsert

Vrae en voorgestelde antwoorde

Kontekstuele vrae

1. Waaraan word die *oopmaak van die vensters* en die *wegtrek van gordyne* gelyk gestel?

Dit verwys na die verhoog se gordyne wat oopgemaak word voor 'n vertoning.

2. Waarom word die *Groot Konsert* met hoofletters geskryf?

Dit beklemtoon dié woorde. Dit wys daarop dat dit die Skepper se konsert is, want die spelers is insekte uit die natuur.

3. Die diere is die akteurs. Hulle handeling word in paragraaf 2 deur werkwoorde voorgestel. Wat word daardeur bereik?

Die aksies van die verskillende insekte word hierdeur uitgebeeld.

4. Waarom pas die kriek perfek in die rol van die seremoniemeester?

Die kriek het 'n deurdringende stem en almal kan hom duidelik hoor.

5. Waarna verwys *...en as hulle sake nie vannag uitwerk nie, sal hulle saam selfmoord pleeg* (paragraaf 6)?

Dit verwys na die motte wat gewoonlik deur die lig verbrand word.

6. *Daar's 'n vendusie op die vensterbank. 'n Groepie rysmiere veil hulle vlerke op. Die sterkstes sal oorwin en 'n nes bou en die res sal skouerhoogte deur die miere weggedra word* (paragraaf 7) verwys.

6.1 Watter halfrym kom in die eerste twee sinne van dié paragraaf voor? Watter funksie vervul dit?

Allitererende v-klank verstadig die leestempo vir beklemtoning.

6.2 Waarom is dit so 'n gepaste beskrywing om te sê dat die rysmiere hul vlerke *opveil*?

Rysmiere doen maklik afstand van hulle vlerke (hulle vlerke val af).

6.3 Wat beteken dit as mens *skouerhoog* gedra word? Waarom is dit hier ironies?

Jy word skouerhoog gedra as jy beloon en vereer word. Dit is ironies, want hulle word as kos weggedra.

7. Verduidelik die gebruik van die dubbelpunt in paragraaf 10.

Dui op die plotselinge waarneming deur die verteller.

8. Op 'n humoristiese wyse word die miere in paragraaf 10 gepersonifieer. Verduidelik in jou eie woorde.

Die miere word gepersonifieer in paragraaf 10. Dit is lagwekkend om te dink dat miere, wat klein en skadeloos is, betoog en 'n komplot smee teen giftige insekdoders. Let op die fyn waarneming van die skrywer in hierdie verband.

9. Verduidelik watter deel van die insek in onderstaande aanhalings ter sprake is:

9.1 grys sprinkantjie met sy **saag en boog** onder hom ingevou (paragraaf 12)

Sprinkaan se pote wat soos 'n saag lyk.

9.2 muskiet se **stopnaald** (paragraaf 13)?

Die muskiet se suigorgaan (bek) waarmee hy bloed uitsuig.

10. Waarom is die spinnekop se lag *skynheilig* (paragraaf 13)?

Sy verwelkom hom, maar gaan hom opvreet.

11. Wat is die *goeienuustelegram* en die *kospakkie* wat *gearriveer* het (paragraaf 13)?

Die *goeienuustelegram* is die spinneweb wat beweeg sodat die spinnekop weet iets het daarteen gevlieg en die *kospakkie* is die muskiet wat sy gaan eet.

12. Wat is 'n *prima donna* (paragraaf 16)?

Die *prima donna* is die eerste sangeres in 'n opera.

13. Gee 'n ander woord vir *handeklap* (paragraaf 17).

Applous.

14. Waarom sou die wêreld dink dat die verteller *mal* is (paragraaf 19)?

Dit is malligheid om die hele nag op te bly om na insekte te kyk.

15. Verduidelik die skynbare teenstrydigheid in die slotparagraaf.

Die woorde “ek verstaan alles” staan teenoor “ek verstaan niks”. Dit dui op die grootheid van die skepping wat vir die mens onverklaarbaar is.

Literêre vrae

1. Is die titel gepas? Motiveer.

Ja, die titel is gepas, want dit sluit aan by die inhoud van die teks wat handel oor die grootheid van die skepping.

2. Beskryf die tydsverloop in hierdie verhaal.

Die tydsverloop is chronologies en opeenvolgend en strek van laataand tot vroegoggend.

3. Bestudeer paragraaf 19 tot 22 noukeurig. Watter innerlike botsing ervaar die verteller hier? Motiveer.

Sy beleef haarself as anders as ander mense. Ander sal dink dat sy mal is om die hele nag na insekte te kyk en om hulle metafories gelyk te stel aan mense.

4. Wat is die tema van hierdie verhaal?

Die tema van die verhaal:

Dit dui op die grootheid van die skepping.

As 'n mens rondom jou kyk, word jy bewus van die wonder van die insektewêreld.

Die mens sien nie die wonder van die natuur raak nie.

'n Mens het nie nodig om na 'n duur konsert te gaan kyk nie, die grootste konsert speel reg voor jou oë in die natuur af.

Die blou jakkals: 'n Verhaal uit Tibet

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Lees die eerste paragraaf noukeurig deur.

1.1 Hoe word jakkals hier as karakter beskryf?

Grootprater, selfsugtig (wil alles vir homself hê), nuuskierig (kom in ander se huise).

1.2 As jy nou na jou antwoord in vraag 1.1 kyk, sal jy merk dat menslike eienskappe aan die jakkals gegee word. Wat noem ons dié beeldspraak? **Personifikasie.**

2. Uit watter land is hierdie volksverhaal afkomstig? Haal een woord uit paragraaf 2 aan om jou antwoord te staaf. **Tibet.**
3. Waarmee word die blou kleur van die jakkals – nadat hy in die kleurstof geval het – vergelyk? Hoe word hierdie kleur deur halfrym beklemtoon?

Blou soos die hemel bo die heuwels van Tibet. Allitererende h-klank versterk die kleur.

4. Wat noem die jakkals homself en wie het hom koning van die diere gemaak?
Sataga. Hy sê Sakra, die koning van die gode, het hom koning van die diere gemaak.
5. Waarom het die ander diere hom geglo?

Hy was blou en 'n mens kry nie sommer (behalwe voëls) blou diere nie. Dit was vreemd, iets ongewoons.

6. Hoe word die leier van die leeus in paragraaf 5 beskryf en waarom is dit 'n gepaste woord?
Hy word as *ou maanhaar* beskryf. Die grootste en sterkste leeu is gewoonlik die leier van die trop en die het gewoonlik 'n vreeslike bos maanhare.
7. Die blou jakkals het op die olifant se rug gery. Skryf die diere wat om hom gekring het, van die wat die naaste aan hom was tot die aan die verste end, neer. Wat merk jy op? Beteken dit iets ten opsigte van die rangorde wat ons hier kry?

Eers die leeus, dan die tiere en dan al die ander diere. Heel aan die buitekant is die jakkalse. Dit dui die rangorde van belangrikheid aan.

8. Wie het uiteindelik die jakkals se val veroorsaak? Waarom is dit ironies?
Sy eie ma was verantwoordelik vir sy ontmaskering. Dit is ironies, want 'n ma is veronderstel om 'n "kind" se geheime te hou / hom te beskerm.
9. Hoe word die leier van die leeus in paragraaf 5 beskryf en waarom is dit 'n gepaste woord?
Hy word as *ou maanhaar* beskryf. Die grootste en sterkste leeu is gewoonlik die leier van die trop en die het gewoonlik 'n vreeslike bos maanhare.

10. Watter twee belangrike lewenswaarhede raak die jakkals se ma kwyt in paragraaf 9?
Sy is tevrede met haar lewe: Ek leef hier lekker in my bergkloof en geniet die lewe by al die koel waters.
Elkeen word aan sy huil / stem / maniere geken: Solank die jakkals hom voordoen as iets anders (nie soos 'n jakkals huil nie), sal die olifant hom seker toelaat om sy hoë posisie te geniet.

11. Waarom antwoord die jakkals ten einde op die gehuil van die ander jakkalse? Watter karaktertrek van hom word hier geopenbaar?
Hy is bang sy hare val uit. Hy is bang sy voorkoms word lelik. Hy is dus ydel / gesteld op sy voorkoms.

12. Hoe weet jy dat die jakkals net saggies gehuil het?
Die verkleinwoord *huiltjie* dui daarop dat hy saggies gehuil het.

13. Aan die einde van die verhaal is dit die jakkals se eie trop (mense) wat hom ontmasker. Skryf die woorde in paragraaf 14 wat hierby aansluit, neer en verduidelik die tema van die verhaal.
Almal wat wegjaag wat naby moet wees, en wat naby bring wat ver moet bly, sal vertrap word, soos die jakkals deur die olifant.

'n Mens moet tevrede wees met wie en wat jy is.

Hou jou eie mense naby jou en moenie hulle versaak deur te maak of jy iemand anders is nie.

Volksverhaal: Die storie van die groot waterblom

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wie is die verteller in hierdie verhaal?

Pajé, die hoofman van die Indiane vertel die verhaal.

2. Wat het daartoe aanleiding gegee dat hy die verhaal begin vertel het?

Almal wat buite was, het hulle verkyk aan die mooi hemel en Pajé het gesit en mompel asof hy met die sterre praat. Hulle het nader gestaan om te kon hoor wat hy sê en so hy het vir hulle van die sterre begin vertel.

3. Waarom het hy met ander oë na die sterre gekyk as sy onderdane?

Hy het die sterre geken en kon selfs van hulle name onthou.

4. Hoe het dit gebeur dat die meisies in sterre verander het?

Die maan het aarde toe gekom en in 'n mooi jong man verander en die meisies betower om saam met hom te gaan en as sterre aan die hemelruim te skyn.

5. Hoe word dit uitgehef dat Itá 'n baie mooi meisie was?

Die woord *pragtig* word herhaal. Sy was 'n pragtige meisie, pragtig.

6. Waarom het sy nie belanggestel om met van die jong mans te trou nie?

Sy het geglo daar gaan iets wonderliks met haar gebeur.

7. Om watter rede dink jy het Itá geglo die maan sal haar kom haal?

Sy was baie mooi en die maan het altyd die mooiste meisies kom haal.

8. Slaan die woord *ydel* in die woordeboek na en besluit dan of Itá as ydel getipeer kan word. Motiveer jou antwoord.

As jy oordrewe aandag aan jou voorkoms gee, is jy ydel. Itá kan dus as ydel beskou word, want sy het daarna gestrewe om net mooier en mooier te word.

9. Wat het Itá alles gedoen om die maan se aandag te trek? Was hierdie aksies suksesvol?

Sy het snags as almal slaap in die maanlig gedans oor die heuwels en die valleie en het probeer om die maan se strale vas te vang en die maan uit te lok om haar raak te sien. Nee, dit was nie suksesvol nie, want die maan het haar nie kom haal nie.

10. Was dit dwaas van Itá om in die water te duik? Waarom dink jy het sy dit gedoen?

Leerders se eie antwoorde. Dit moet net goed gemotiveer word.

11. Is Itá se droom bewaarheid? Motiveer jou antwoord.

Leerders se eie antwoorde. Dit moet net goed gemotiveer word.

12. 'n Volksverhaal leer ons dikwels van gesonde verstand en dien as waarskuwings. Wat het jy uit hierdie verhaal geleer?

Moenie ydel wees en voorkoms die belangrikste ag nie.

Jaag jou drome na, maar onthou dat dit dalk op 'n ander wyse kan manifesteer as wat jy beplan.